# Hoofstuk van die dag: Psalm 18

> *Hy het sy pyle afgeskiet en die vyand uitmekaar gejaag, hulle met ’n menigte weerligstrale op loop gejaag. (Ps 18:15)*

In dié danklied prys Dawid die Here wat vir hom uitkoms bewerk het (vers 7). In sy beskrywing van hoe God hom gehelp het,

lees ons van ’n geweldige donderstorm met hael en weerlig (vers 13).
Ek wonder hoe mense vandag so ’n situasie sal beskryf waar ’n natuurverskynsel hulle situasie omgekeer het. Ek vermoed baie sou sê: “Gelukkig het ’n donderstorm losgebars, net mooi toe ek gedink het dis klaarpraat met my.” Dis nie wat Dawid sê nie. Hy jubel daaroor dat God in die storm teenwoordig was en dat Hy sy hand uitgesteek het om hom te red (vers 17).
Goed, ons weet vandag baie meer wat weerverskynsels veroorsaak, maar dit maak die natuur nie skielik ’n outonome mag nie. Agter natuurverskynsels en ander “toevallighede” kan ons, nee, móét ons God se aktiewe betrokkenheid in ons lewe sien. Dan sal ons ook, soos Dawid, kan bely dat Hy Hom getrou betoon aan die getroue (vers 26). Hý is die Een wat ons in staat stel om al die uitdagings van die lewe die hoof te bied (vers 33).

## Onlangse Bydraes


- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026